Publication: Burger (Oos Kaap)
Date: 26 Apr 2016
Page: 9

# Vryheid wat bly ontwyk

**Môre vier Suid-Afrika Vryheidsdag om die land se eerste demokratiese verkiesing te herdenk. Vir miljoene Suid-Afrikaners bly ware vryheid egter 'n hersenskim, skryf Chris Jones.**

Elke jaar op 27 April vier ons Vryheidsdag om ons land se eerste demokratiese verkiesing in 1994 te herdenk.

Maar dié dag gaan oor meer: Dit bied die geleentheid om na te dink oor ons vooruitgang sedertdien en die vele uitdagings wat ons in die gesig staar.

Ons het in vele opsigte reusespronge gegee sedert 1994, maar het steeds 'n lang pad om te reis. Daar is nog soveel boeie wat ons bind.

Vandag staan talle huishoudings op die rand van ineenstorting weens 'n tekort aan die nodige bestaansmiddele en word dit gekenmerk deur ongelyke magsdinamika, gebaseer op manlikheid en ouderdom. Hulle is selde in staat om op hul eie die effek van armoede uit te wis.

Die druk wat op hierdie huishoudings uitgeoefen word deur werkloosheid, MIV/vigs asook drankmisbruik, dwelmmisbruik en ongewenste tienerswangerskappe is enorm en bedreig hul voortbestaan.

Wanfunksionele gesinne en skole (tot 80%) asook toksiese woonbuurte is aan die orde van die dag. Ons kinders word produkte van hierdie omstandighede.

'n Praktiese voorbeeld van waar hierdie situasie hom op tragiese wyse uitspeel, is die Kaapse Vlakte.

Kaapstad en omgewing is nie net van die mooiste in die wêreld nie, dit is ook gevaarlik. Bendes beheer sekere gebiede met 'n ysterhand en verkoop sonder vrees heroïen, kokaïen en tik.



**Kiesers in Soweto staan tou om hul stem uit te bring in die eerste demokratiese verkiesing op 27 April 1994.** Foto: DENIS FARRELL | AP

Verder verloor byna daagliks onskuldige mense hul lewe weens die voortslepende bendegeweld.

In hierdie broeiplek vir kriminele netwerke en onwettige ekonomieë is dit glad nie verbasend dat soveel jong mense, in die afwesigheid van positiewe rolmodelle, hulle by bendes aansluit nie.

In sy mees onlangse boek, *Gang Town*, wys die joernalis en skrywer Don Pinnock daarop dat een uit elke drie jong mense op die Kaapse Vlakte tussen die ouderdomme van 10 en 24 jaar deur 'n enkelouer versorg word. Amper 'n miljoen kinders word hier sonder 'n pa groot. Ongeveer 'n kwart hiervan word grootgemaak deur familielede wat nie hul ouers is nie (gewoonlik oumas), terwyl bykans 4% woon by mense wat nie familie is nie.

Groot getalle van hierdie kinders woon saam met rolmodelle van twyfelagtige karakter. Volgens die Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie (2013-verslag) het 'n kwart van die jong mense onder 18 'n familielid wat in die tronk is; het net minder as 'n kwart familielede wat dwelms gebruik; het 15% 'n familielid wat lid van 'n bende is; en het ongeveer 15% van die huishoudings geen werkende volwassene nie.

Baie kinders op die Kaapse Vlakte word gebore in 'n lewe van armoede wat betref inkomste, bronne, geleenthede en stimuli. En hul situasie verander later nie veel nie.

Van Kaapstad se 3,7 miljoen inwoners is ongeveer 'n kwart van alle volwassenes en net minder as die helfte van die jong mense onder 25 werkloos.

In 2013 het een uit elke vyf persone in 'n selfgeboude plakkershut gewoon, en in meer as 'n derde van alle Kaapse huishoudings staan 'n vrou aan die hoof.

Wat Suid-Afrika in sy geheel betref, lyk die prentjie nie veel beter nie. Bykans 31,8% van die bevolking werk in die informele sektor, en 27,3% van die huishoudings is van staatstoelae afhanklik. Verder ly 18,8% van die volwassenes en 12,3% van die kinders daagliks honger. Ongeveer 30% van die swart mense en een uit elke vier bruin mense het nie gereeld toegang tot gesonde kos nie.

Hoewel die situasie tans beroerd lyk, kan dit verander indien grootskaalse ekonomiese en maatskaplike transformasie spoedig plaasvind.

'n Goeie plek om te begin is ons welsynsdienste en maatskaplike beleid wat herstruktureer sal moet word – veral die beleid oor toelaes, omdat dit nie daarin slaag om die werklike oorsake van armoede en ongelykheid te takel nie.

Hoewel toelaes 'n klomp huishoudings regtig help om te oorleef, word dit ook misbruik.

Ons sal ook harder daaraan moet werk om 'n samelewing te skep wat genoegsaam reg laat geskied aan al die opofferings wat vir vryheid gemaak is.

Politieke vryheid moet neerslag vind in ekonomiese groei vir die armes in ons land. Grondwetlike woorde op papier beteken bitter min as dit nie in dinge soos basiese dienste, infrastruktuur, goeie paaie, funksionele onderwys, maatskaplike sekerheid, effektiewe gesondheidsorg en kosvoorsiening aan behoeftiges neerslag vind nie.

Ná meer as twee dekades van demokrasie is vryheid vir miljoene Suid-Afrikaners net 'n hersenskim omdat hulle steeds in 'n sosiaal-ekonomiese en maatskaplike moeras vasgevang is.

Dalk bied die woorde van die Amerikaanse diplomaat Priscilla Clapp hierdie Vryheidsdag stof tot nadenke.

Volgens die oudpolitikus Leon Wessels het sy in 2009 in 'n gesprek die eertydse onderhandelingsproses soos volg opgesom: "Daardie era was teater. Dit was nie die werklikheid nie."

Vandag is die vraag of ware vryheid uiteindelik vir miljoene Suid-Afrikaners 'n werklikheid sal word.



*Dr. Jones is 'n teoloog verbonde aan die Universiteit Stellenbosch.*

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission